

Vrydag 5 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-28

Fokusgedeelte: Eksodus 12:11-12

Om veilig te wees in onsekerheid

In die gedeelte wat ons gelees het, lees ons van die instelling van die Pasga en die fees van die ongesuurde brode. Die Pasga was daardie aand gehou terwyl die fees van die ongesuurde brode ingestel is, maar eers later gehou sou word as herinneringsfees.

Met die voorskrifte is dit duidelik dat die Israeliete reg moet wees om die land te verlaat. Dit is vir hulle 'n tyd van onsekerheid, hulle weet nie presies wat nou gaan gebeur nie. Hulle moet reg wees vir aksie en haastig al hulle take afhandel. Die skoene moet aan die voete wees en die kiere moet in die hand wees.

Tog behoort daar ook rustigheid by die Israeliete te wees. Die magtige Here slaan op Egipte toe met die laaste plaag, maar Hy spaar die Israeliete. Dit bewys onbetwisbaar dat die HERE die almagtige God is.

Die Here het al die eersgeborenes van die Egiptenare met die dood getref, maar die Israeliete kon rustigheid in hierdie tyd hê, want hulle was gemerk as die volk van God. Die almagtige God is hulle HERE.

In baie opsigte staan ons, as gelowiges, ook met die kiere in die hand. Ons weet nie wat op ons wag nie. Dit het ons baie goed besef met die uitbreek van die COVID 19-virus verlede jaar. Tog is ons veilig, want ons is gemerk met die bloed van die Lam. Nie net 'n gewone paaslam nie, maar die Lam van God, Jesus Christus.

In tye van onsekerheid, waar ons moet gereedstaan, kan ons vrede hê, want ons is veilig. Ons HERE is God die almagtige.

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5, 6

Ds. Z van't Zand (Zander) (Middelburg-Noord)